

HOOFSTUK 1

ORIËNTERENDE INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Die tema wat hier behandel word, naamlik die vernederlandsing van Afrikaans, bring die vraagstuk van taalverandering of "taalbeweeglikheid"¹⁾ op die voorgrond. Om die problematiek verbode aan hierdie beweeglikheid van taal te illustreer sal daar eerstens by vroeëre studies van hierdie faset van taal stilgestaan word. Om die komplekse aard van die onloënbare realiteit van taalverandering (wat vir die doel van hierdie studie gelykgestel word aan "beweeglikheid") bloot te lê sal daar nie net na die benaderingswyses van verskeie linguïste gekyk word nie, maar uiteraard sal die soorte taalverandering en die redes daarvoor onder die soeklig geplaas word. Aansluitend hierby sal die doel van die studie voorts daarin lê om op dié beskrywings van taalverandering te wys waardeur die prosesse wat in Afrikaans aan die werk was, die maklikste geïllustreer kan word, terwyl die tekortkominge in vroeëre sienings wanneer die Afrikaanse situasie benader word, ook aangetoon word.

So 'n benadering van die nedersettingstaalsituasie²⁾ van Afrikaans put dus uit vroeëre en resente studies oor die implikasies van taalkontak en taalversteuring en uit studies oor die resultate daarvan, waardeur veral die versteurings- en kontaktale, pidgin en kreools, aandag sal geniet (Hoofstukke 2-3).

Teen die agtergrond van die genoemde gegewens sal die taalverandering met betrekking tot die Kaapse meertalige

-
- 1) Vgl. Martinet, A. 1961. *A Functional View of Language*, Oxford vir die gebruik van dié term.
 - 2) Nedersettingstaal: 'n Taal wat hoofsaaklik in die nie-standaardvorm oorgedra word. Dit word nie net op een plek/gebied gepraat nie, maar ook in die ander kolonies van daardie bepaalde moederland.



kontaktsituasie verken word. Die ontwikkeling van Afrikaans sal gesien word in die lig van die verskillende soorte Nederlands wat in die Kaapse situasie aan die orde van die dag was. Die diglossiesituasie in Suid-Afrika gekoppel aan die verkryging van ampstatus vir Afrikaans lei tot 'n noodwendige verloop in hierdie taalveranderingsproses: Nederlandse dialekte en ander tale → verafrikaansing → vernederlandsing van Afrikaans (Hoofstuk 7). Nodige bewyse vir die vernederlandsing van Afrikaans word voorts aangebied (Hoofstuk 8). Hierdie bewyse is gevind in die korrespondensiestukke van die vroeë Transvaalse koerante waarin die algemene taalgebruiker sy menings kon lug.¹⁾ Die aanname wat hier geld, is dat daarin 'n redelik getroue beeld van die destydse taalgebruik aangetref word. Verdere bewyse vir die vernederlandsing is in die daarstelling van 'n Afrikaanse spellingsisteam en die Afrikaanse Bybelvertaling gevind.

-
- 1) - Erkenning aan NALN (Bloemfontein) vir die beskikbaarstelling van die materiaal.
- Mnr J.H. Combrink, navorser verbonde aan die UOVS vir die projek *Gesproke Afrikaans*, het die data oor die Transvaalse Afrikaans ontsluit.



HOOFSTUK 2

TAALVERANDERING

2.1 INLEIDING

Die sentrale proses wat in 'n studie oor die vernederlandsing van Afrikaans ter sprake is, voortvloeiend uit die hipotese soos uiteengesit in die eerste hoofstuk, is die proses van taalverandering.

Sedert Darwin sy natuurteorieë daargestel het, het dit as afspringplek vir soortgelyke teorieë in die linguistiek gedien. Vandat bevind is dat die natuurwette geen uitsonderings inhou nie, is daar aangeneem dat dieselfde vir die wette van die taal moet geld. Sodoende is taal toe beskou as 'n feitlik lewende, voortdurend veranderende organisme wat onderworpe is aan wette wat geen uitsonderings toelaat nie. Taalverandering kan hiervolgens verklaar word:

"Change is a general phenomenon in the sense that every language ... has an infinite ancestry of earlier and earlier stages ... After considerable time there is always a noticeable degree of change, however measured, on the other hand, language will not change overnight. It is reasonable to suspect the interplay of two forces at work: one which holds back change in the interest of mutual intelligibility at any given time; and another force, much more obscure in its working, which makes for change, even intense change."

(Hoenigswald, p. 33 in Greenberg 1961).

Taal en dialekte, so beweer Spitzer (1961), is maniere van selfuitdrukking wat 'n bepaalde gemeenskap in staat stel om homself te onderskei net soos hy dit op die gebied van die letterkunde, kuns, regte of ander soortgelyke instellings doen. 'n Taal kan nie staties wees as hy hierdie uitdrukkingsvermoë wil behou nie. 'n



Stadiese taal is immers 'n dooie taal,¹⁾ soos Latyn.

Met verloop van tyd is talle verklarings al voorgestel waarom tale verander, onder andere dialekontlening en -vermenging, analogie, homonimievermyding, die gevolge van taboe, ensovoorts (Lubbe 1980 : 9). Al sulke pogings is egter onbevredigend, omdat hulle ad hoc-verklarings is en in die meeste gevalle slegs enkele veranderinge kon verklaar. Lubbe (1980 : 9) meld dat daar in die Taalkunde, soos in enige ander empiriese wetenskap, ook met hipoteses gewerk word, met ander woorde van 'n bepaalde teoretiese standpunt uitgegaan moet word. Hiervolgens is al vier belangrike teorieë onderskei om taalverandering te probeer verklaar, naamlik die Neogrammatiese beginsel van die uitsonderingloosheid van die klankwette (Hockett 1965 : 186-191, Labov 1981 : 27), ook die "regularity hypothesis" genoem, en voortaan deur ons die tradisionele metode genoem; die transformasionele teorie van reëlverandering; die sosiolinguistiese teorie van variabele reëls soos veral voorgestaan deur Labov; en die teorie van die tydsvariabele en leksikale diffusie soos voorgestel deur Wang, Chen en Hsieh, 'n poging om veral uitsonderinge te verklaar (Lubbe 1980 : 9). (Vergelyk p. 15 in hierdie hoofstuk.)

Taalverandering is egter 'n komplekse gebeurtenis met komplekse oorsake (Wang, soos aangehaal deur Lubbe 1980 : 39). Hierin lê dus die tekortkominge van al bogenoemde benaderingswyses, naamlik dat die voorstanders daarvan alle gevalle van taalverandering tot een allesoorheersende grondoorsaak wil herlei (Lubbe 1980 : 40). Hierdie simplistiese benaderingswyse moet liever deur 'n geïntegreerde of komplekse benaderingswyse, soos deur Martinet (1961)

1) Vergelyk in dié verband: Dorian, N.C. 1978. *The fate of morphological complexity in language death: evidence from east Sutherland Gaelic* (pp. 590-609) in *Language*, Vol. 54, No. 3. Ook: Gray, L.H. 1939. *Foundations of Language*, The Macmillan Company, New York (p. 33).



voorgestaan, vervang word. Hy beweer dat daar nie nêr 'n enkele rede vir taalverandering of "taalbeweging" is nie; dit moet liewers gesien word as 'n "beweging" waarvan die somtotaal die resultaat is van al die dele wat 'n rol speel.

Juis as gevolg van hierdie "beweeglikheid" van die taal moet daar by die bespreking van 'n onderwerp soos die vernederlandsing van Afrikaans kennis geneem word van taalveranderingsprosesse, -veranderingsoorte, en dies meer. Grüner (1980 : 3) meld onder andere:

"Soos alle gebruike¹⁾ egter — en nou praat ons oor taalverandering — is ook sodanige taalgebruike nie absoluut konstant nie, en wel (1) deurdat 'n gebruik in die loop van die tyd prysgegee kan word en daardeur verdwyn (dan praat ons van reduksietipe) of (2) deurdat 'n gebruik vervang kan word deur 'n nuwe (dit noem ons die substitusietipe). Aan die ander kant bestaan daar egter ook die moontlikheid dat nuwe taalgebruike kan bykom (dan praat ons van addisietipe)."

Met twee van dié genoemde drie tipes van taalverandering, sluit Grüner by die T.G-konsep van verandering aan. Die meeste Transformasionaliste, onder andere Kiparsky, Postal (1968) en King (1969), huldig die teorie dat alle grammatikas aan twee tipes verandering onderworpe is, te wete reëluitbreiding en reëlsimplifikasie en -generalisasie (of reëlverandering)²⁾. Grüner maak egter ook melding van 'n reëlvervangingstipe.

Hierdie derde meganisme van taalverandering kan egter kultureel mineer in 'n groot krag en daartoe lei dat een taal deur 'n ander taal vervang word.

-
- 1) Gebruike wat deur tradisie bepaal is. Sodanige elementêre gebruike is byvoorbeeld die klankbeeld of die betekenis van woorde of sinsbouplanne (Grüner 1980 : 3).
 - 2) Vir volledige bespreking en kritiek, vergelyk Lubbe (1980 : 14).



So, gesien, is dit dan ook die doelwit van hierdie studie om inleidend oor taalvervanging (of taalverplasing) te praat. Dit is 'n bekende feit dat elke mens in mondelinge en skriftelike kommunikasie, selfs in die eie moedertaal partymaal taalelemente gebruik wat in die bepaalde standaardtaal nie gebruiklik en daarom dikwels nie in die betrokke woorde- en grammatikaboeke opgeteken is nie. In hierdie ondersoek word die aandag juis bepaal by sulke uitdrukkingswyses wat toegeskryf kan word aan die wedywering tussen standaardtaal- (Nederlands) en nie-standaardtaalvorme (Afrikaans) en waardeur eersgenoemde dan uiteindelik, as gevolg van sosiale opheffing deur laasgenoemde, vervang of verplaas is. So is dan ook die sprekers van die vroeë Nederlandse standaardvorm vervang deur die sprekers van die nuwe Afrikaanse standaardvorm.

In Afrikaans was die produktiewe prosesse in taalverandering (of dan taalvervanging of -verplasing): (a) sosiale verandering¹⁾ en (b) grammatikale verandering. Laasgenoemde kan as reëluitbreiding beskou word.

1) Onder sosiale verandering verstaan ons in die geval van Afrikaans: sosiale opheffing. Met die verkryging van politieke mag kon 'n groep nie-standaardtaalsprekers hul taal op ander afdwing: Afrikaans het baie jare lank bestaan as die een of ander nie-standaardvorm van Nederlands, waarvoor daar geen skryftaalvorm bekend was nie. Gevolglik het die taal geen amptelike bevestigingsmag besit nie. Toe die Afrikaanssprekende teen ongeveer 1925 bepaalde politieke magte bekom, het dit die kampvegters vir Afrikaans gehelp om dié taal in die parlement deur wetgewing verskans te kry. Hulle kon dus meehelp dat Afrikaans een van die amptelike landstale word. Hierdeur het die taal 'n sosiale opheffing belewe: vanaf 'n nie-standaardvorm tot 'n standaardtaalvorm.



2.2 SOSIALE VERANDERING

By hierdie soort verandering speel die verhouding tussen taal en maatskappy, tussen elemente van die taalsisteem en elemente van die maatskaplike gedragskodes, 'n belangrike rol. Hieronder word dan hoofsaaklik bedoel die norme wat deur die taalgemeenskap as korrek aanvaar word, én die oordrag daarvan aan die kind. Die algemene vermoë van taalverwerwing word geneties gedetermineer; behalwe in gevalle van ernstige gestremdheid, sal alle kinders daarin slaag om die taal waaraan hulle blootgestel is, aan te leer. Daar is egter geen genetiese grondslag vir die aanleer van een taal in plaas van 'n ander nie. Enige normale kind kan enige taal aanleer, maar die taal wat rondom hom gepraat word - eerder as 'n ander taal - aktiveer hierdie proses van taalverwerwing¹⁾.

Labov (1966, 1972), Wolfram (1969), Shuy (1968) en Trudgill (1974), wie se navorsing en bevindinge as verteenwoordigend van die belangrikste sociolinguistiese studies van die afgelope dekade geneem kan word, onderstreep die feit dat 'n taal en sy sprekers en hul gemeenskap in al sy skakerings, onlosmaaklik aan mekaar verbonde is (Klopper 1981 : 7).

Labov benadruk dié standpunt soos volg:

".... one cannot understand the development of a language change apart from the social life of the community in which it occurs. Or to put it another way, social pressures are continually

1) Vergelyk in dié verband: Vorster, J. 1982. *Verslag oor besoek aan Kanada en die V.S.A. (Aug.-Des.1981)*, R.G.N., Pretoria. ("Second International Congress for the Study of Child Language", Vancouver, Canada; "Sixth Annual Boston University Conference on Language Development" (pp. 1-18)).



operating upon language, not from some remote point in the past, but as an immanent social force acting in the living present" (1963 : 275)¹⁾.

Kachru sluit hierby aan wanneer hy die 15 linguistiese vlakke waarmee Firth werk, aanhaal en beklemtoon dat Firth beweer dat die

"... social and sociological are crucial for linguistic description" (1981 : 76).

Linguistiese probleme en dus ook taalverandering moet in die lig van genoemde aspek gesien word. Lehmann (1981 : 16) bevestig dit:

"The nineteenth century was the age of history, and the progress which linguistics achieved in espousing the historical point of view was indeed admirable, but the social sciences have established themselves in the meantime, and linguistics must take its place among them as its nature has determined for it. The moment has come to indicate the setting of linguistic problems in accordance with the social point of view".

Lubbe glo ook dat Labov, wat taalverandering en variasie tussen sinchroniese sisteme met mekaar in verband gebring en aangetoon het dat veranderinge ingebed is in die sosiale konteks, bygedra het tot 'n verandering in benaderingswyse. Andere wat ook besef het taal is 'n sosiale fenomeen wat verskeidenheid toon, was Whitney, Meillet en Vendryes, Weinreich, Herzog (vergelyk Weinreich et. al., (1968), Weijnen (1967) en Bailey (1973)) (Lubbe 1980 : 29). Behalwe dat die genoemde linguïste die belangrikheid van sosiale faktore by taalverandering besef het, het hulle ook reeds deur middel van empiries kontroleerbare navorsing 'n positiewe korrelasie tussen sosiale struktuurvariasie en taalstruktuurvariasie aangetoon. Hierdie

1) Vergelyk ook: Labov, W. 1980. *Locating Language in Time and Space*, Academic Press, New York.



aspek word later ten opsigte van Afrikaans vollediger bespreek.

2.3 GRAMMATIKALE VERANDERING (REËLUITBREIDING)¹⁾

Grammatikale verandering begin in die vorm van wissel= vorme/variante - heel moontlik as gevolg van botsende sosiale lae, naamlik tussen 'n standaardnorm en 'n nie-standaardnorm. Die wisselvorme/variante vertoon 'n KEN= MERKENDE VERSPREIDING wat heel eenvoudig weergegee kan word in die formule:

Informele taalgebruik gaan formele spraak vooraf.

Hierdie beginsel impliseer die volgende:

- (i) Taalverandering neem 'n aanvang in alledaagse omgangstaal dit is die volkstaal, en brei geleidelik uit na meer formele, gestandaardiseerde vorm(e) wat byvoorbeeld oor die radio of televisie gebruik word. Met ander woorde: taalverandering vind van onder af plaas - dit wil sê substandaardword standaardtaal.
- (ii) Ponelise~~en~~^{es} (1977 : 147-157) verklaar dat veranderinge in die taalgebruik van 'n spesifieke individu meer geredelik voorkom in die informele as in die formele register, waar verandering(e) gestrem word en ouer, selfs argaïese vorms behoue bly.

Taalverandering begin as veranderlik, maar eindig as KATEGORIES (Ponelise~~en~~^{es} 1977 : 148). Om dit eenvoudiger en meer konkreet te stel, verwys ons na die -g- tussen vokale:

1) Veral ten opsigte van vernederlandsing. Ander reël= uitbreidings bestaan ook, maar is nie hier ter sake nie. (Vergelyk p. 5 vir 'n bespreking.)



In 17de-eeuse dialektiese Nederlands, die taal waaruit Afrikaans hoofsaaklik ontwikkel het, word die -g- soms tussen vokale aangetref. In Suid-Afrika (en die Nederlande) het die tendens egter ontstaan om die -g- te laat wegval. Vir 'n geruime tyd het die twee spraakvorme, die *mēt* en die *sōnder -g-* in woorde soos *oë* (*oge*), *hoë* (*hoge*), *mae* (*mage*), *sae* (*sage*), *vlieë* (*vliege*) mekaar afgewissel. Vandag is die proses egter afgeloop en word net die *g*-lose vorme in Afrikaans aangetref. Die volgende voorbeelde sluit aan by die onderwerp van vernederlandsing: Aanvanklik word *gaan*, *slaan*, *doen*, *staan* in Nederlands (aan die Kaap) aangetref. Hierna was daar 'n tydperk waarin die vorme *gaat*, *slaat*, *doet*, *staat* bestaan het (Boere-Afrikaans). Vandag hoor ons hoofsaaklik *doen*, *gaan*, *slaan*, *staan* (met ander woorde daar is na die Nederlandse voorbeeld teruggegryp); hoewel *gaat*, *slaat*, *staat* ook nog voorkom, maar dan as 'n substandaard-tipe van Afrikaans.

2.3.1 VERANDERINGE IN TWEETALIGE KONTAKSITUASIES

2.3.1.1 ONTLEENING AS REELUITBREIDING

Wanneer volke met mekaar in aanraking kom, is dit onvermydelik dat woorde onderling uitgeruil word. 'n Volk en sy kultuur is onlosmaaklike entiteite. Vir elke saak wat deel is van 'n volk se kultuur, is daar 'n bruikbare woord. As 'n bepaalde volk met 'n ander kontak maak, kry hy te doen met bruikbare woorde vir dinge wat vir hom vreemd is. Dit is dus vir hom makliker om die woord *sāām* met die saak oor te neem, veel makliker as om eers 'n eie woord te gaan uitdink. So byvoorbeeld is dit

".... a well documented fact of recent language history that the names of such objects of international trade as tea, coffee or tobacco readily travel with them and become part of the consumer's language" (Weinreich 1953 : 216).



Daar word voorts gereken dat die spoed en graad van die integrasie van geleende items net soveel van sosiolin=guistiese as strukturele faktore afhanklik is, en dat so=danige woorde vanuit 'n semantiese oogpunt beskou, òf by=voegings tot die leksikon van die ontvangertaal mag wees, òf die eie mag verdring, òf 'n semantiese herinterpretasie van spesifieke leksikale velde mag veroorsaak.

Die genoemde soort ontlening - waar die vorm en betekenis as geheel oorgeneem word - is seker die eenvoudigste vorm van ontlening.

2.3.1.2 LEENVERTALINGS (calque - letterlik: 'tracing, copy')

'n Meer subtiele vorm van ontlening vind ons in die sogee=naamde leenvertalings en die aspek wat hierna bespreek sal word, semantiese uitbreidings.

Die vorm en betekenis van die vreemde woord, in plaas daar=van om dit as 'n eenheid in die ontvangertaal op te neem, word net as 'n model gebruik vir 'n eieskepping. 'n Voor=beeld hiervan vind ons in die klassieke tale: die Latynse *con-scientia* wat weergegee word in die Griekse *syn-eidesis* (letterlik: 'together' + 'knowledge') dien as model vir die Duitse *Ge-wissen*, Nederlandse *ge-weten*, Sweedse *sam-vete* en die Russiese *so-vest* (Weinreich 1953 : 234). 'n Meer moderne voorbeeld vind ons in die Engels-Amerikaanse *sky-scrapers* wat aanleiding gegee het tot die feitlik parallelle Duitse *Wolken-kratzer* ('cloud-scrapers') en ons eie Afri=kaanse *wolkekrabber*.

2.3.1.3 SEMANTIESE UITBREIDING/SEMANTIESE CALQUE

'n Derde wyse waarop 'n vreemde konsep in 'n taal opgeneem word, is deur die semantiese omvang van 'n bepaalde item



in 'n parallelle betekenis te modifiseer of deur die semantiese veld s6 uit te brei dat die nuwe betekenis langs die oue kan voortbestaan. So, byvoorbeeld, vind ons dat die Engelse *impression* via Frans van die Latynse *impressio* kom. Laasgenoemde het 'n konkrete betekenis gehad wat verband gehou het met die druk van 'n seël in sagte was, maar hierdie semantiese verband is later uitgebrei om die abstrakte idee van '*impression of the mind*' te akkommodeer. Plekname in Afrikaans wat vertaalde Hottentots is, is hier ter sprake, vergelyk byvoorbeeld *Hardapdam*, *Swakopmund*, *Erosberge*, *Keiskammarrivier* (Raper 1980 : 7).

By bogenoemde leksikale leenprosesse is veronderstel dat die grammatika van die basis- en leentale deur die tussenkoms van 'n klein aantal tweetalige sprekers in kontak gebring is, deurdad hul as "draers" in die oordra van die leksikale materiaal werksaam was.

2.3.2 VERANDERINGE IN MEERTALIGE KONTAKSITUASIES

2.3.2.1 TAALVERSTEURING

Vervolgens word daar nou gelet wat die uitwerking van kontak op tale in 'n meertalige gemeenskap is. Weinreich (1953) glo dan dat sy "linguistic interferences" 'n rol in taalverandering speel. Hieronder word taalversteuring in 'n meertalige gemeenskap verstaan:

"Those instances of deviation from the norms of either language which occur in the speech of bilinguals as a result of their familiarity with more than one language, that is as a result of language contact, will be referred to as interference phenomena" (Weinreich 1953 : 1).

Waar taalversteuring in 'n hoë mate voorkom, word daar dan - veral in die volksmond - ook van 'n "gebroke taal" gepraat. Hier is onstabiliteit en onpatroonmatigheid van die versteuringsverskynsels 'n opvallende kenmerk (Pheiffer 1976 : 273-275; Grüner 1980). Die kontaksituasie word dus gesien as bestaande tussen 'n spreker en 'n hoorder. ('n Aanpassing van Ferguson en De Bose (1977) se uiteensetting.)



Spreker

Hoorder

1

→
Afgradering. Sogenaamde "foreigner talk" - nie 'n "taal" nie, 'n register. Die spreker dink die hoorder verstaan hom beter. Vergelyk die Blanke se gebruik van Afrikaans met Swart mense.

←

2

'n Gebroke taal. Die Afrikaans van Swart mense, immigrante, ensovoorts - 'n Taal. Die vreemdelinggroep "probeer" 'n ander taal praat.

3

← 3

→ Pidgins en kreoolse tale. Het iets van beide.

Sodoende word daar gevind dat sprekers in 'n bepaalde meertalige gemeenskap in staat is om hul taal te wysig soos omstandighede dit vereis; hul gebruik heel moontlik die heersende lokale dialek wanneer hulle met mekaar kommunikeer, maar 'n meer en wyer aanvaarbare vorm van die taal as hul met vreemdelinge praat of die taal vir 'n meer of fisiële doel aanwend (soos die geval was in die vroeë Afrikaanse situasie):

"Such linguistic differences are often institutionalized, a 'high' variety of the language being used for more formal occasions and a 'low' variety used locally and in the home" (Ferguson 1959, soos aangehaal deur Weinreich 1953 : 197).

Dié feit is onder andere deur Gumperz (1971 : 251-273, soos aangehaal deur Weinreich 1953 : 241-242) gemeld. Dit is bevestig deur sy ondersoek in die Indiese dorpie Kupwar waar die tale Urdu, Marathi en Kannada gepraat word:

"The community is divided into social groups by a rigorous caste system and, although family life is generally conducted in monolingual terms, almost all the men are at least bilingual and



most frequently use Marathi for intergroup communication" (Weinreich 1953 : 241).

Die vraag kan nou gevra word waarom een van die tale wat in kontak met ander is, sý eienskappe op die ander afdwing en nie omgekeerd nie.

"This is a matter which does not depend in any way on the internal structures of the languages concerned and we must turn for an answer to factors external to language itself, namely that for socio-cultural reasons the speech of one group had greater prestige than that of the other" (Weinreich 1953 : 196).

Labov (1966) het in dié verband bevind dat

- (i) daar 'n sistematiese korrelasie tussen die linguistiese gedrag van 'n spreker en sy sosiale status is (dit wil sê gemeet in terme van sosio-ekonomiese terme),
- (ii) en dat die onstabiliteit/onpatroonmatigheid in die taal van een individu afhanklik is van die taalstyl van die formele register wat gebruik word. Hy het ook verder bevind dat ten spyte van substansiële verskille in die taal van verskillende sosiale groepe daar 'n uniforme sisteem van waardes/norme bestaan wat vir die gemeenskap as 'n geheel geld (en miskien die rede vir 'n soort algemene nie-standaard is).

Die invloed van vreemdtaliges en hul onderskeie moedertale, saam met die gebrekkige aanleer van Nederlands by heelwat vreemdelinge (Franse, Duitsers, Dene, Hottentotte, slawe uit verskeie gebiede, matrose) het die grootste rol gespeel by die veranderingsprosesse aan die Kaap - laasgenoemde feit blyk duidelik uit interessante datanavorsing deur onder andere Nienaber, Scholtz, Raidt en andere. (Dit dien net gemeld te word dat dié taalkundiges nie bewys het dat Afrikaans hier in Nederlands verander het nie.)

Van Rensburg (1981 : 85) wys daarop dat daar onthou moet

word dat daar in die reël nie 'n algemene skryftaalvorm vir die nie-standaardvorme van 'n taal bestaan nie. Hy meld voorts dat taalverandering vanuit die nie-standaard= laag geskied. Dus, indien daar 'n veranderingsproses in Nederlands plaasgevind het (veral as gevolg van die gebrekkige aanleer van die taal), moes dié proses gerugsteun word deur ooreenstemmende substandaardvorme. Dit was dan ook met Afrikaans die geval : baie jare lank het Afrikaans bestaan as die een of ander nie-standaardvorm van Nederlands, waarvoor daar nie 'n skryftaalvorm bekend was nie en wat gaandeweg, met die verkryging van politieke mag deur sy sprekers, tot die hedendaagse standaardvorm ontwikkel het. Nederlands het dus nie verander in Afrikaans nie, maar is vervang deur Afrikaans.

2.3.3 SOORTE REËLVERANDERING (VERGELYK OOK p. 4)

Linguïste het ook dié aspek van reëlverandering in hul werk betrek. King (1969 : 39, e.v.) behandel vier soorte reëlverandering, naamlik toevoeging, weglating, her= ordening en vereenvoudiging. Lubbe (1980 : 9) maak van vier "teorieë" melding waarvolgens taalverandering verklaar kan word: "die Neo-grammatiese beginsel van die uitsonderingloosheid van die klankwette, die transformasionele teorie van reëlverandering, die sosiolinguïstiese teorie van variabele reëls soos deur Labov voorgestaan en die teorie van die tydsvariabele en leksikale diffusie soos voorgestel deur die Sjinese linguïste Wang, Chen en Hsieh." Bynon (1977 : 17-170) behandel drie "modelle" van taalverandering : die neogrammatiese model, die strukturalistiese model en die T.G.-model. Chambers en Trudgill (1980 : 174-180) gaan egter van die veronderstelling uit dat ook nie die laasgenoemde twee "modelle" (strukturalisties en T.G.) die antwoorde op die vraag van taalverandering en die reëls wat daaraan ten grondslag lê, kan verskaf nie.

Hierdie laasgenoemde feit bring dus mee dat linguïste al meer die rol van sowel die sosiale as die grammatikale



prosesse in taalverandering begin erken. So maak onder andere Chambers en Trudgill (1980 : 174) van beide die sosiale en grammatikale verandering in hul taalbeskrywing gebruik.

Voorts dui getuienis¹⁾ uit die Afrikaanse taalgeskiedenis daarop dat taalvervanging en reëluitbreiding die sentrale proses was waardeur Afrikaans Nederlands as standaardtaalvorm in Suid-Afrika vervang het, eerder as wat 'n gekompliseerde proses van taalinterne reëlverandering hier aan die werk was (Claassen en Van Rensburg 1983 : 139).

2.3.4 GRAMMATIKALE VERANDERING VOLGENS DIE TRADISIONELE SIENING DAARVAN

Die tradisionele siening van grammatikale verandering vertoon verskeie tekortkominge, onder andere:

- (i) omdat die rol van sosiale faktore buite rekening gelaat word en,
- (ii) omdat daar te veel klem op die historiese aspek van taalverandering gelê word.

Hoe sien die tradisionele benadering van taalverandering dan daar uit? Dit is hoofsaaklik 'n diachroniese²⁾ benadering waarin bevestiging van die feit dat 'n taal nie staties is nie gesoek word in ortografiese, literêre, ortopeiese, situasiegebonde en interne bewyse. Hierby aansluitend kom die vergelykende taalkunde. Die historiese taalkunde is in der waarheid nie los te maak van

1) Ook die onvoltooide verhandeling : L.T. du Plessis (U.O.V.S.).

2) *"The Junggrammatiker had proclaimed that the sole means of studying language scientifically is to examine it historically, that is, diachronically, through time"* (Dinneen 1967 : 199).



die vergelykende taalkunde nie (histories-vergelykende taalbeskrywing)¹⁾. Dit dui alreeds die weg aan vir 'n panchroniese²⁾ siening.

2.3.4.1 ORTOGRAFIESE BEWYSE

Die basiese navorsingsmateriaal vir die historiese linguïes is die ortografie of geskrewe vorm van taal. Historiese inskripsies en manuskripte is hier ter sprake. Baie probleme en onopgeloste vrae ten opsigte van die interpretasie van ortografiese bewyse bemoeilik die taak van die linguïes. In dié verband moet met Robinson en Van Coetsem se bewering rekening gehou word:

"... any single theory about how all scribes write, or tend to write, is doomed to failure. In interpreting written records of the past one must be wary of the spelling. Only in conjunction with comparative and current synchronic evidence, luck and inspiration can these records lead us to a true idea of the structure of the language in question" (Goyvaerts 1975 : 71).

2.3.4.2 LITERÊRE BEWYSE

Die "beweeglikheid" van taal word voorts gevind in oorblywende literêre tegnieke soos rym, alliterasie, assonansie,

-
- 1) *"In order to pursue the historical development of a language we require a precise description of an earlier and later stage of a language. For comparative work we must have two equally precise accounts of the languages to be compared"* (Dinneen 1967 : 3). *"The comparative method assumes that extended similarities between languages can be studied as a consequence of genetic relation and that pervasive resemblances between contemporaneous languages are best explained by assuming that they are both developed forms of a single parent language"* (op.cit., p.280). *"The comparative method thus shows us the ancestry of languages in the form of a family tree, with successive branchings accepted the uniform parent languages and their sudden and clear-cut splitting, as historical realities"* (Bloomfield 1933 : 311).
 - 2) Gray (1939 : 24) – Die saamgaan van die twee gesigspunte (diachronies en sinchronies).



metriese patrone, ensovoorts. Hoe sommige gegewens egter verklaar moet word, bly soms nog duister. Vergelyk byvoorbeeld die probleem verbonde aan rymwoorde: sommige woorde wat vir Shakespeare, Pope, Keats, ensovoorts gerym het, rym nie vandag meer nie.

2.3.4.3 ORTOËPIESE

In die geval van geskrewe taal word dikwels tussen al die oorblyfsels uit 'n vroeër periode, belangrike beskrywings van die bepaalde taal gevind. Vergelyk in dié verband byvoorbeeld die Indiese grammatikus, Panini, se ongelooflik volledig en elegante beskrywing van Sanskrit - bloot gemotiveer deur 'n behoefte om bepaalde leeswerk vir heilige tekste te bewaar. Sulke bewyse van vroeëre vorme van Afrikaans (in vergelyking met ABA) word gevind in die Veldwagterbrieweversameling van Van Oordt (November 1947 en Februarie 1948, Die Kaapse Taalargief, no.1 tot 4). (Later ook uitgegee in die Akademie se *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*. Later: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*: Deel 10 (no.1), 11(1), 12(1), 13(1), 14(1), 16(1). Ook in Ross, P.H. 1950, M.A. te U.K. en De Villiers, A.J. 1942, M.A., U.K. Ook Griessel 1981, M.A., UNISA.)

2.3.4.4 SITUASIEGEBONDE BEWYSE

'n Vierde bewys dat taal nie staties is nie, word gevind in die kontak tussen spraakgemeenskappe. Een gevolg van sodanige kontak is die voortdurende verslae oor tale waarmee in aanraking gekom is. Dieselfde geld vir die talle reisbeskrywings as 'n bron van inligting oor Afrikaans: dié van Sparrman, Thunberg, die Fransman F. le Vaillant, die Engelsman George Thompson, Paravicini di Capelli en andere (Raidt 1971: 102-107). Sommige reisbeskrywings het selfs grammatikas geword: Van Reijn, C.J. (1914) *Het zeer nieuwe verband tussen het Afrikaansch en het Hollands*. Maskew



Miller, Kaapstad; Snell, A.L. 1906. *Handbook of Boer Dutch*. C.N.A., Johannesburg en S.J. du Toit se *Patriot=grammatika*.

2.3.4.5 VERGELYKENDE STUDIE

'n Ideale situasie vir vergelykende studie sou byvoorbeeld wees wanneer 'n linguistiese gemeenskap as gevolg van bepaalde redes (byvoorbeeld die inval van 'n vreemde groep en die vorming van 'n effektiewe skeiding in die gemeenskap) in verskillende dele verdeel word. Indien dié toestand etlike eeue sou voortduur, sou die linguiste in staat wees om 'n bepaalde soort studie, naamlik 'n studie oor die vergelyking van grammatikas, uit te voer. In 'n vergelykende studie word gepoog om die bepaalde trekke of eienskappe van die gesproke taal van die (vermeende) oorspronklike onverdeelde gemeenskap op die basis van ooreenstemmende trekke by die afstammelingstale te rekonstrueer (vergelyk p. 17). Dit is 'n feit dat die verwantskap tussen sekere tale sodanig is dat dit slegs deur historiese verbande verklaar kan word (byvoorbeeld ABN/Nederlandse dialekte of Kleurling-, Maleier- en Griekwa-Afrikaans).

"In some cases it can be verified by history that languages which resemble each other are genetically related , but in other cases the task is more difficult. When there are adequate written records relations can be established fairly easily. There are resemblances among the Germanic languages that are just as evident as those found among the Romance group, but since we do not have comparable literary sources, their historical development cannot be traced as completely. When we lack such written records, the comparative method explains relations among languages by making inferences similar to those obtained by tracing the attested historical development. The comparative method assumes that both the resemblances and the differences among related languages are an indication of the structure of the parent language" (Dinneen 1967 : 280).

As beweer word dat 'n ooreenkoms tussen tale as gevolg van



verwantskap bestaan, word inderwaarheid bedoel dat hier= die tale latere variasies van 'n enkele, vroeë taal sou wees. In die geval van die Romaanse tale is daar geskrewe bewyse van die oorsprongtaal, naamlik Latyn. Aangesien die taal oor 'n groot gebied versprei het, en verskeie linguistiese veranderinge in bepaalde streke ondergaan het, vind ons dat die tale van die streke grootliks van mekaar verskil. Hierdie verskillende taalvorme staan vandag byvoorbeeld as Italiaans, Frans, Spaans, ensovoorts bekend (Van der Merwe 1966 : 36-37, 50).

Die probleem met dié tipe studie lê grootliks in die feit dat daar nie altyd geskrewe oorblyfsels en dokumente van die uniforme oorsprongtaal bestaan nie. Dié probleem word dan dikwels opgelos deur die aanvaarding van 'n sodanige oorsprongtaal of van gegewens verkry uit ongewante tale wat op een of ander tydstip woorde geleen het uit 'n oerfase van 'n bepaalde Germaanse/Romaanse taal. So 'n historiese verbinding lei tot verklarings oor Oer-Germaans, Oer-Bantoe en selfs "Oer-Afrikaans"¹⁾ (De Groot 1968 : 7).


Daar moet egter kennis geneem word van die feit dat spekulاسie oor die oorsprong en verwantskap van tale van vroeg af onder taalkundiges bestaan het. Dit is egter eers vanaf die Renaissance dat werklike materiaal in dié verband versamel is om sodanige ondersoek uit te voer. Werk wat in dié verband voor die 19e eeu gedoen is, was inderdaad maar sporadies - nie as gevolg van die gebrek aan insig nie, maar grootliks as gevolg van die isolasie waarin voorstelle gedoen is en ondersoek deurgevoer is. Dié werk is ook nooit opgeneem en ontwikkel deur 'n volgehoue opvolging van belangstellendes nie. Dit was eers aan die einde van die 19e eeu dat dié ondersoekmetode begin bloei het (De Groot 1968 : 380).

1) of "verkeerde Nederlands" - Van der Merwe (1970 : 33). (Nie-Standaardnederlands, in terme van die uiteensetting, p. 15.)



Een van die invloedrykste en mees kontroversiële beoefenaars van hierdie rigting was A. Schleicher (1821-1868) wat veral met sy *Stammbaumtheorie* verwantskappe verklaar het. Hierdie stamboom-/familieboomteorie het 'n metode daargestel om 'n geheelbeeld van die linguistiese familie - sy geskiedenis en historiese verwantskap van individuele tale - te kry.

Van Coetsem (1972 : 78) stel dié teorie soos volg voor:



- a. Goties
- b. Duits
- c. Noors
- d. Hoogduits
- e. Nederduits in wyer sin
- f. Fries
- g. Saksies
- h. Angel-Saksies
- i. Oud-Saksies
- j. Platduits
- k. Nederlands

As gevolg van die tekortkominge van dié teorie ("no speech community is ever quite uniform ... it does not allow for varieties within the parent language or for common changes in related languages" - Bloomfield 1955 : 311; 314) het Schmidt sy golfslagteorie daargestel wat die verwantskap van veral taaltakke wat geografies naby mekaar lê, verklaar.

"The comparative method, then - our only method for the reconstruction of prehistoric language, - would work accurately for absolutely uniform speech communities and sudden, sharp cleavages. Since these pre-suppositions are never fully realized, the comparative

1972



method cannot claim to picture the historical process" (Bloomfield 1955 : 318).

"During the first part of the nineteenth century, historical linguistics was far removed from any concern with sociological aspects of language Language was conceived as autonomous, analogous to an organism" (Currie 1981 : 5).

Teen ongeveer 1870 het 'n groep linguïste bekend as die Junggrammatiker (*Neo-Grammatici*) in Leipzig op die toneel verskyn.

"... who were critical of their predecessors. They offered numerous observations on the social nature of language but, unfortunately, remained significantly under the influence of the early period of historical linguistics".
(Currie 1981 : 6).

Die kern van hul teorie kan soos volg uiteengesit word:

"... all sound changes take place according to laws that admit no exceptions within the same dialect and no exception operates without a rule; at the same time one has to take into account the fact that analogical creations and reformations of specific words are equally a universal component of linguistic change" (Goyvaerts 1975 : 43).

Hieruit blyk onder andere 'n uitbreiding van historiese studies, naamlik

"... the concept of markedness and its implications, ... the principle of compensations, and the so-called 'laws of analogy'" (Kahr 1976 : 225).

Goyvaerts (1975 : 19) stel as kritiek teen bogenoemde:

"... we have to support the neogrammarians for having replaced the arbitrary and accidental by the necessary and the regular but we have to condemn them for having entirely eliminated the accidental from the factors promoting the evolution of language (that is for having elevated the accidental to the rank of the necessary)".



Labov voeg aan dié kritiek van Goyvaerts ook nog die be= swaar toe dat die Neo-Grammatici nie die hiërargie van abstraktheid in hulle werk betrek het nie:

"A review of the literature on completed changes and other changes in progress tends to support the relevance of a hierarchy of abstractness in deter= mining the nature of the transition from one stage to the other". (Labov 1981 : 267).

Afgesien van die neogrammatiese skool het die 20ste eeu ook die opkoms van die sogenoemde strukturele linguïste beleef (vergelyk p.28). Hulle was algemeen bekend met die feit dat bepaalde tale ooreenkomste vertoon en hul studies - vergelyk veral dié van Greenberg (p.28, (i) - (iv)) - het dan ook bewys probeer lewer van die "bewe= ging" wat in taal plaasvind. Dit dien voorts gemeld te word dat die meeste studies oor vroeë Afrikaans en die ontwikkeling daarvan in die lig van die 20ste-eeuse (en eind 19de-eeuse) taalstudie staan.

Een siening gemeenskaplik aan alle strukturele benaderings is die outonomie van sinchroniese strukture, naamlik die veronderstelling dat die geskiedenis nie betrek hoef te word nie.

Al vyf genoemde bewysvoeringe maak dit vir die historiese linguïstiek moontlik om elke faset wat volgens 'n histories- vergelykende uitgangspunt 'n rol kan speel by die ondersoek en interpretasie van taalverandering, te betrek.

Dit dien ook daarop gelet te word dat die uitgangspunt in die onderhawige studie nie volgens die onderskeiding dia= chronies/sinchronies uiteengesit sal word nie, maar dat daar vanaf 'n panchroniese uitgangspunt gewerk sal word (Bailey 1973).



2.4 TAALTIPOLOGIE

Die prominente plek wat vergelykende studie inneem, bring die belangrikheid van tipologiese studies, tot vandag toe, na vore. Die oogmerk, om taalverandering te verklaar, word egter nie uit die oog verloor nie. Die ooreenkomste uit 'n vergelykende studie lei daartoe om in 'n poging om die komplekse aard van taalverandering te verklaar, taal in homogene groepe te klassifiseer. Die belangrikste twee benaderingswyses in dié verband is die genetiese en die tipologiese. Eersgenoemde poog om tale op grond van hul voorafgaande historiese ontwikkeling te klassifiseer - 'n praktyk wat ongeveer die hele 19de eeu gedomineer het en waardeur byvoorbeeld die indeling van die Indo-Europese tale in verskillende families die resultaat is. Hierteenoor staan die tipologiese benaderingswyse waardeur tale in isolasie beskou word. Hierdie benaderingswyse neem kennis van waarneembare feite/verskynsels en klassifiseer tale dan op grond van die aan- of afwesigheid van sodanige verskynsels. As gevolg van die ryke voorkoms van allerlei verskynsels bestaan daar tipologieë vir omtrent elke vlak van taalorganisasie - die belangrikste blyk egter die fonologiese, die morfologiese - wat in die begin (vergelyk p.25) oorwegend was - en die sintaktiese te wees.

2.4.1 FONOLOGIESE TIPOLOGIEË

Só 'n tipologie kan 'n taal byvoorbeeld klassifiseer op grond van 'n enkele klankvoorkoms (kliktaal X nie-kliktaal), of 'n indeling van die Indo-Europese tale in Kentum- en Satem-tale. Voorts kan 'n taal geklassifiseer word na aanleiding van die wyse waarop sy vokale en konsonante kombineer, ensovoorts.

2.4.2 SINTAKTIESE TIPOLOGIEË

Laasgenoemde was aanvanklik redelik skaars, maar dié afdeling bied 'n geweldige ryke verskeidenheid moontlikhede.



Vergelyk in dié verband die aspek van plasing¹⁾ in 'n sin. Ten opsigte van Afrikaans behels dié aspek byvoorbeeld die volgende, volgens Muysken (1980 : 146) se siening:

"Afrikaans is a language with an underlying S.O.V. word order that makes use of the rule of a Verb Second",

met ander woorde 'n taal waarin 'n werkwoord in onafhanklike sinne in die tweede sinsposisie staan, byvoorbeeld

(Posisie 1)	(Posisie 2)	(Res)
Die gebou	steek	altyd sleg af

(Ponelis 1979 : 495).

Ponelis sien Afrikaans hiervolgens (in teenstelling met Muysken) as 'n V2-taal (oftewel 'n SVO-taal).

2.4.3 MORFOLOGIESE TIPOLOGIEË

Dit is seker die gewildste soort tipologie en die rede daarvoor kan moontlik gevind word in die veronderstelling van veral die 19de-eeuse linguïste dat die woord, bestaande uit woorddele en morfeme, die bousteen van taal is. So= danige tipologieë is veral geskik om die historiese aspek van ontwikkeling te illustreer - vergelyk in dié verband byvoorbeeld genus: sommige tale besit selfstandige naam= woorde wat twee, drie of geen genusvorm het nie.

2.4.4 EVALUERING : VROEË TIPOLOË

Een van die eerste tipoloë wat sy klassifikasie ('n morfo= logiese) daargestel het, was *August von Schlegel* (1767 - 1845), maar dié indeling is later duideliker geformuleer

1) Vir 'n volledige bespreking, vergelyk: Ponelis, F.A., 1979 (hoofstuk 21).

deur een van die belangrikste 19de-eeuse bydraers, *August Schleicher* (1821-1868). Hulle verdeel die tale in drie soorte:

- (a) *Isolerende tale* (Eenlettergripige/worteltale).
Alle wortels kom monosillabies voor. Geen grammatiese vorme en vervoeging kom voor nie. Elke woord kan enige funksie hê en die betekenis word bepaal deur die plek van die woord in die sin en deur intonasie. Hierdie tale bevat dus net materiële bestanddele, dit wil sê stof (inhoud) of klanke met betekenis.
- (b) *Agglutinerende tale*: Hierdie tale bevat materiële en formele bestanddele. Die formele bestanddele word egter lossies aan die stam/wortel geheg, sodat dit nog duidelik herkenbaar is. Vergelyk byvoorbeeld Hongaars en Turks.
- (c) *Flekterende/verbuigende tale*: By dié tale smelt die formele en materiële bestanddele sō saam dat hulle 'n hegte eenheid vorm. Hier word die verhouding tussen die begrippe dan deur vormverandering uitgedruk (Latyn, Sanskrit).

Volgens Currie (1981 : 5-6) en Andersen (1978 : 37-42) het Schleicher hierdie indeling van hom dan ook gebruik vir 'n algemene verklaring vir taalevolusie. Tot dusver het die verklaring nog nie die toets van algemene aanvaarding geslaag nie — juis omdat dit ook die gebreke van ander studies uit sy tyd dra, naamlik die eensydige betrekking van die historiese en die feit dat dit nie die sosiale aspekte van taalverandering in berekening bring nie.

W. von Humboldt (1767-1835) sluit in hooftrekke by Von Schlegel en Schleicher se indeling aan, maar voeg egter 'n vierde klas daarby, die sogenaamde geïnkorporeerde klas.



Tiperend van dié klas is die feit dat affikse dít oordra wat in ander tale deur 'n aparte vorm wat afhanklik is van 'n werkwoordelike deel, oorgedra word. Voorbeelde hiervan is die taal van die Eskimo's en van die Amerikaanse Indiane.

Leroy (1967 : 21) wys egter daarop dat géén taal alleenlik en eksklusief aan dié vereistes wat deur klassifikasies gestel word, voldoen nie. Deur die sosiale aspek van taal te betrek word daar nog meer ruimte vir moontlike verklarings gelaat.

Franz Franck (1867-1910), die voorloper van die 20ste eeu, het 'n tipologiese klassifikasie daargestel wat weinig verskil van die pogings van die 19de-eeuse tipoloë. Sy poging omvat egter net agt tipes wat gebaseer word op die wyse waarop konsepte in woorde verenig word.

Die persoon wat eerste van die tradisionele morfologiese tipologie weggebreek het, was *E. Sapir* (1884-1939). Hy het 'n klassifikasie daargestel wat gebaseer is op die wetersydse verwantskap van drie stelle onderskeidings:

grammatikale konsepte, grammatikale prosesse en die *"relative firmness with which the affixed elements are united with the core of the word"* (Sapir 1921 : 127).

Eersgenoemde behels die verwantskap tussen een woord in 'n sin met die ander woorde. Grammatikale prosesse omvat geïsoleerde ("isolating") tale wat die woord en wortel as dieselfde beskou; "affixing"-tale (affiks + wortel) en simboliese (of "inflective") tale wat interne wysings aan vokale en konsonante aanbring.

Op grond van Sapir se indeling kan tale geklassifiseer en ingedeel word as analities, sinteties en polisinteties.



2.4.5 EVALUERING : HEDENDAAGSE TIPOLOË

"The decisive factor in the development of 20th century structural linguistics was the shift from a predominantly historical viewpoint to the recognition of a non-historical functional relationship of coexisting linguistic¹⁾ elements"
(Goyvaerts 1975 : 47).

Taalvergelyking vind dus nog steeds neerslag in hierdie tipologiese studies, maar dit dien daarop gelet te word dat die nie-historiese siening beklemtoon word en die ondersoek van die verbande tussen taalelemente voorrang geniet.

Een van die mees beduidende bydraes op die gebied van die taaltipologie kom van *J.H. Greenberg*. Hy gee byvoorbeeld vier verklarings vir die ooreenkoms tussen tale:

- " (i) *they may be reflections of certain language universals;*
- (ii) *they may be analytic artifacts (for example that both Latin and English are considered to have a present tense may be due to the fact that Latin provided the model for English grammar, that is, though they may have no inherent linguistic interest, they do have a very great deal of methodological interest);*
- (iii) *resemblances may be the result of mere chance and*
- (iv) *similarities may result from historic connections between the languages"*
(Greenberg 1953 : 268).

In sy strukturele tipologiese studies ten opsigte van die basiese volgorde van leksikale items stel hy universele kenmerke daar. Wat die keuse wat hy uitgeoefen het, betref, meld hy:

1) Die bestaan daarvan in sosiale lae is die belangrikste.



"The reason for this choice was that previous experience suggested a considerable measure of orderliness in this particular aspect of grammar" (Greenberg 1963 : 73).

Ten opsigte van die daargestelde universele kenmerke, meld Sol Saporta:

"It is clear that the problem of language universals and that of linguistic typology are closely related. Indeed, the two are merely different sides of the same coin Universal definitions are, then, a prerequisite for typology, universal in this sense meaning 'universally available', that is, belonging to some metatheory of linguistics" (in Greenberg, (ed.) 1963 : 61 - *Phoneme Distribution and Language Universals*).

Sommige van Greenberg se idees toon ooreenkoms met die algemene idee in R. Lepsius se inleiding tot sy *Nubische Grammatik* (Berlyn, 1880) en met W. Schmidt se *Der Sprachfamilien und Sprachenreise der Erde* (Heidelberg, 1926). Ook het Greenberg in 'n groot mate dieselfde benadering as Sapir gehandhaaf, maar tog ook sy individuele stempel op die moderne tipologiestudies afgedruk.

Greenberg het drie stelling kriteria betrek:

- (i) Die bestaan/voorkoms van voor- en agterplasing in tale.
- (ii) Die relatiewe orde van onderwerp/subjek, werkwoord (verbum) en voorwerp/objek in stelsinne met nominale objek en subjek.
- (iii) Die posisie van kwalifiserende adjektiewe in verhouding met die selfstandige naamwoord.

Uit hierdie kriteria volg 45 stellings, wat oorsigtelik soos volg uiteenval: In stelsinne met nominale subjek en objek is die dominante orde dié een waarin die subjek die objek voorafgaan. Dit laat die linguïst dus met drie



algemene taaltipes, naamlik VSO, SVO en SOV. In tale met voorvoeging het die genitief ongeveer altyd die regerende selfstandige naamwoord gevolg, terwyl dit in tale met agtervoeging die selfstandige naamwoord voorafgegaan het. Dié genoemde kenmerk lei na die derde, naamlik: tale met dominante VSO-orde is gewoonlik voorvoegend (*prepositional*). As gevolg van onstabiliteit in tale, het hy die vierde en vyfde universele kenmerke soos volg geformuleer:

4. *"With overwhelmingly greater than chance frequency, languages with normal SOV order are postpositional"*.
5. *"If a language has dominant SOV order and the genitive follows the governing noun, then the adjective likewise follows the noun"* (Greenberg 1963 : 79).

Greenberg het belangrike verskille tussen die VSO en SOV-tale bemerk en voortvloeiend hieruit sy sesde en sewende kenmerke daargestel: Alle tale wat die dominante VSO-orde gebruik, het as alternatief SVO-orde. Määr, indien 'n taal met dominante SOV-orde, geen basiese orde as alternatief het nie, ðf slegs OSV dan as plaasvervanger, sal al die bywoordelike bepalers die werkwoord voorafgaan.

Deur hierdie metode toe te pas, het Greenberg belangrike inligting ten opsigte van taalverandering daargestel:

"A small sampling indicates that the indices for particular IE languages have changed in the course of time. The older Germanic languages for example have considerably higher synthetic indices than do those spoken today" (Goyvaerts 1975 : 25-26).

Dit help verder ook om gevolgtrekkings soos byvoorbeeld die volgende met betrekking tot Engels te maak:

- (i) Die sintetiese kompleksiteit van Oud-Engels is nader aan Latyn as aan Moderne Engels.
- (ii) Gemeet aan die sintaktiese kompleksiteit het die



grootse grammatikale verandering in Engels tussen Oud- en Middel-Engels en *nie* tussen Middel- en Moderne Engels plaasgevind nie.

Gesien in dié lig kan tipologiese klassifikasie 'n belangrike rol by die verklaring van taalverandering speel.

Tot 'n kort rukkie gelede is geglo dat die tipologiese studie die grammatikas kan klassifiseer uit die voorkoms van opeenvolgende reëls wat op verskillende tye in werking tree (vergelyk onder andere Greenberg). 'n Verandering in 'n grammatika sou dan die gevolg van die toepassing van 'n bepaalde reël op 'n bepaalde tydstip wees. Dat dit nie die geval is nie, is deur 'n onlangse studie van onder andere die T.G.-linguïste - soos Robin Lakoff - aan die lig gebring. Sy doen aan die hand dat daar na die grammatika as 'n geheel gekyk moet word om die redes vir verandering en gevolglike klassifikasie waar te neem. (Raidt sluit haar in haar siening van taalverandering ook by Lakoff aan - vergelyk M. de Villiers-bundel: Snyman (red.) 1978 : 104; vergelyk ook Vennemann se kritiek, p. 33.)

Robin Lakoff noem hierdie veranderinge wat in tale waarneembaar is, die sogenaamde taaldoelwitte (of "*targets*") van taalverandering:

"The language changes toward a certain direction, not haphazardly, so that at the end the shape of the language is quite different from its earlier form. One can point to individual rule changes, of course, just as, synchronically, one might point to the application of specific rules to account for the facts. But if one does, one misses a generalization. In all these cases something is happening to the language as a whole; it is not just that the rules change, but rather, there is some principle, outside our present concept of grammar, governing the forms the rules are to take. If we do not interpret at least some syntactic changes this way, we must assume that there were a set of truly staggering coincidences within and between the histories of all the Indo-European



languages ... The responsible linguist cannot believe in such a set of coincidences"
(1969 : 173).

Sy karakteriseer van die veranderinge wat in 'n taal aangedui kan word, met die term "drift" — 'n term oorgeneem van Sapir. Laasgenoemde het verduidelik:

"Language is not merely something that is spread out in space, as it were - a series of reflections in individual minds of one and the same timeless picture. Language moves down time in a current of its own making. It has a drift" (Language 1949 : 150 soos aangehaal deur Lakoff 1969 : 176).

Die kenmerke van taalverandering (Sapir se "drift") volgens Kahr (1976 : 220) blyk te wees:

- (i) dat dit 'n "special direction" het,
- (ii) "unconscious" is, deurdat dit nie deur sinchroniese studie blootgelê (ontdek) kan word nie, en
- (iii) "retrospective" van aard is.

R. Lakoff lewer ook kritiek hierop. Sy glo dat Sapir in gebreke bly om bepaalde veralgemenings ten opsigte van die rede waarom, en die tydstip waarop die verandering gebeur, daar te stel. Hy slaag ook nie daarin om te verklaar waarom hierdie geheimsinnige "drifts" telkemale in die verwante Indo-Europese tale voorkom nie. Lakoff poog nou om taalverandering te verklaar en grammatikas te klassifiseer, *nie* op grond van individuele verandering in transformasionele reëls, in die sinsdeelkomponent, in die leksikon, of selfs in enige deel van die grammatika nie, maar karakteriseer die algemene trek in die ses onderskeie "drifts" as:

"..... a metacondition on the way the grammar of a language as a whole will change" (Lakoff 1969 : 178).

Wanneer verskillende tale vergelyk word en die veranderinge bestudeer word, val dit op dat 'n verandering nie



bevredigend beskryf kan word deur net na die toepassing van individuele reëls te kyk nie. Sulke veranderinge, waarvan die beskrywing wentel om die beskrywing van reëlverandering, kan wél waargeneem word, maar hulle is bloot *resultate* van die genoemde proses:

"A good theory, one which captures generalizations and tries to show why things change as well as the fact that they do change, must note that the change in lexicon or rule is motivated from outside the grammar as a whole" (Lakoff 1969 : 188).

So 'n verandering kan plaasvind deur middel van beïnvloeding deur taalkontak tussen gemeenskappe, of bevolkingslae van wisselende sosiale standaarde. Daarom dien dit hier gemeld te word dat die "special direction" waarvan hier sprake is, wel sosiolinguisties bepaalbaar is, terwyl die sinchroniese en retrospektiewe aspekte deur 'n panchroniese siening vermy kan word.

Lakoff se siening is egter waardevol en beweeg reeds verder as dié van Sapir in dié sin dat sy daarop wys dat sekere "drifts" deur verskillende tale gedeel word - ten minste dan tale behorende tot 'n bepaalde taalfamilie (al bly talle besonderhede van die "drifts" onduidelik).

Vennemann is egter redelik kras in sy kritiek op Lakoff se siening:

"In all other respects it represents a regression from Sapir's advanced position. Where Sapir strives for and offers sober scientific explanations, Lakoff merely restates the problem relating them to an unexplained 'metacondition'" (Vennemann 1975 : 22).

Hierdie kritiek van Vennemann blyk nie ongegrond te wees nie, veral as R. Lakoff haar siening ten opsigte van 'n omskrywing van dié "metacondition" soos volg formuleer:



"... in order to understand syntactic change we must come to a fuller understanding of synchronically oriented syntactic theory" (1969:192).

en *"... the complete understanding of the questions ... will not be possible until a great deal of progress has been made in the field of synchronic transformational theory" (1969 : 195).*

Lakoff se "metacondition" en Vennemann se onvermoë "to motivate the word order change itself" wys op gebreke wat volg, omdat die sosiolinguistiese faktore buite rekening gelaat word (Kahr 1976 : 221).

Al die genoemde tipologieteorieë sal sekerlik daartoe bydra om meer en meer duidelikheid oor fasette van die historiese aspek van die verandering van taal te bring. Miskien lê die oplossing om taalverandering te verklaar in die aard van sy sprekers of in die aanname van 'n deeltjie van alle aspekte van natuurlike taal:

"..... just to accept linguistic change as an inherent factor of natural language" (Goyvaerts 1975 : 78).